

Bestry verleiding deur jou en ander se geloof met God se liefde op te bou deur die Woord en Gees

Ons het gister oordink hoe listig die duivel en ons eie begeertes te werk kan gaan om ons te laat struikel in die geloof. Die Here het ons deur Judas gewaarsku om wakker en bedag daarop te wees. In ons fokusgedeelte gee die Here vandag vir ons die wapens waarmee ons teen die duivel kan stry en waarmee ons mense uit sy greep moet ruk.

Hierdie wapens is kragtig, want dit maak in die eerste plek jou oë oop, sodat jy die waarheid kan sien, dit maak jou hande sterk sodat jy weerstand kan bied en jou voete vinnig om te vlug. Die eerste wapen is God se liefde. Die liefde wat Hy in Christus aan jou betoon het deur vir al jou sonde te betaal en jou 'n nuwe en heilige lewe te gee. Alleen in Christus vind jy ware geluk, nie in die oënskynlike vreugde van sonde nie. Dit is wonderlik om van die duivel weg te vlug en by Christus jou vreugde te vind. Jy kan jou in God se liefde van die bose bewaar. As jou sonde jou laat struikel, gryp vas aan die vergewende liefde van God.

Die tweede wapen is die Heilige Gees. Die kragtige werking van die Heilige Gees in ons om ons oë oop te maak en ons te herinner aan die waarheid wat God in sy Woord vir ons gegee het. Niks laat die duivel so vinnig wyk as wanneer sy leuen ontbloot word in die lig van God se Woord nie. Dit het ons Here Jesus Christus ons geleer met sy versoekinge in die woestyn. Lees jou Bybel getrou en ondersoek die dieptes daarvan sodat jy jou eie begeertes en die slinkse planne van die duivel kan leer ken en daarvan kan wegvlug.

Die derde wapen is gebed. Gebed waarmee ek my toevlug tot God neem en al die magte van God en sy hemelse leërskare ontketen om my teen die duivel te beskerm en te bewaar. Gebed as wapen is nie net effektief in my gewone stiltetye nie, maar veral ook as ek op die krisisoomblik van huiwering staan, huiwering om na my eie begeertes of na die duivel te luister. Bid dan en vra God om jou vas te hou en jou sterk te maak sodat jy nie voor die verleiding swig nie.

Bestry ook verleiding in jou medegelowiges se lewe. As jy sien dat iemand te naby aan die vuur kom, as iemand twyfel of iets reg of verkeerd is, waarsku hom of haar en wys die waarheid uit! As jy sien dat iemand reeds in die vuur van versoeking geval het, ruk hulle uit en troos hulle met die liefde van Christus. So sal die belofte van vers 24 ook vir ons bewaarheid word waar die Here belowe dat Hy by magte is om ons te bewaar totdat Hy weer in heerlijkheid na ons terugkom om die sonde en bose finaal te oorwin.

Sing: Psalm 119–1:10, 20, 21 (1936)

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)